

DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

30/2026 (Skippertjie nr. 80)

11 September 2026



IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN
UITSLAE

1. verkeer om die skool
2. Astro-Quiz
3. Park Redenaarsfees
4. Gholfdag
5. Begrotingsvergadering
6. Vakatures vir 2027
7. Damesoggend
8. Buite aktiwiteite
9. Skoolfonds vir 2026
10. 2027 Skoolkalender

UIT DIE KAJUIT

Volharding: Ons laaste waarde waaraan ons aandag gee is volharding. Dit is natuurlik ook ons skool se amptelike leuse en ons herinner die leerders gereeld daaraan dat dit 'n waarde is wat ons getrou moet navolg as ons suksesvol wil wees. So, wat beteken volharding presies? Volharding is die vermoë om aan te hou, selfs wanneer omstandighede moeilik raak en sukses ver weg lyk. Dit beteken nie dat 'n mens nooit moeg, teleurgesteld of onseker voel nie. Intendeel, volharding word juis sigbaar wanneer iemand, ondanks hierdie gevoelens, besluit om nog 'n tree vorentoe te gee. Elke mens ervaar uitdagings, maar ons reaksie daarop bepaal dikwels of ons uiteindelik ons doelwitte bereik of nie. Wanneer 'n mens volhard, leer jy waardevolle lesse uit mislukkings. 'n Fout is nie noodwendig 'n bewys dat jy onbekwaam is nie, dit kan eerder 'n geleentheid wees om te verbeter en iets op 'n nuwe manier aan te pak. Baie suksesvolle mense het herhaaldelik misluk, voordat hulle hul drome verwesenlik het. Hulle het egter geweier om hul mislukkings toe te laat om hul identiteit of toekoms te bepaal. Volharding begin dikwels met klein, gereelde pogings. 'n Groot doelwit kan oorweldigend voel, maar wanneer dit in kleiner stappe verdeel word, word dit meer bereikbaar. Deur elke dag 'n bietjie moeite te doen, bou 'n mens stadig maar seker vordering op. Geduld is daarom 'n belangrike deel van volharding, want ware sukses gebeur selde oornag. Volharding leer ons om verantwoordelikheid te aanvaar, hoop te behou en uitdagings met moed te benader. Alhoewel die pad soms lank en moeilik mag lyk, maak volharding dit moontlik om hindernisse te oorkom en ons potensiaal te bereik. Ons volgende poging kan juis die een wees wat ons nader aan sukses bring. Seën vir almal.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE



1. Verkeer om die skool

Ons doen 'n ernstige beroep op ons ouers om seker te maak dat u die verkeersreëls om die skool sal nakom. Die volgende spesifieke areas skep tans probleme:

- Die **“drop and go”-sone** is vir aflaai van leerders. Ouers moenie te lank talm of saam leerders uitklim of stap nie – dit hou die res van die verkeer op. Indien u saam met u kind wil stap moet u verder af in die straat parkeer.
- Leerders moet die **voetoorgange** gebruik – voor die skool, asook by die Gr. R-hek. Ouers moet asb. toesien dat bestuurders van openbare vervoer aan die skool se kant parkeer en sal sorg dat leerders veilig oor die straat beweeg.

Baie dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak tot voordeel van ons kinders se veiligheid.

2. AstroQuiz

Ons is baie trots op ons AstroQuiz-span wat 'n 3de plek by die nasionale rondte behaal het. Dit is 'n uitsonderlike prestasie en verg baie harde werk. Die span bestaan uit Jana Kruger, Reghardt Smit, JD du Toit en Reuben du Plessis. Ons bedank graag vir Dr. André Leonard vir sy insette, moeite en tyd met hierdie leerders.

***“Failure is simply
the opportunity
to begin again,
this time more
intelligently.”***

Henry Ford

Afrikaanse idiom van die week

Dis 'n feit soos 'n koei

*Dit is iets waaroor jy nie kan
stry nie.*

2026 SKOOLKWARTALE

3de: 21 Julie – 23 September

4de: 6 Oktober – 9 Desember

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai

Posbus 96, Mosselbaai, 6500

Tel: 044 691 1020/1

Epos: navrae@lspark.co.za

www.laerskoolpark.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 14 Sep: Toetsreeks: Wiskunde

Di, 15 Sep: Toetsreeks: Natuurwetenskap

Wo, 16 Sep: Toetsreeks: Geskiedenis

Krieket: Park 100's toernooi

Vr, 18 Sep: Gr. R Rugby- en netbaldag

1ste span afsluiting

(wintersport)

Tennis: Eden mini 5

Sa, 19 Sep: Rugby: SWD o.12 pettefunksie

Tennis: Eden mini 5

3. Park Redenaarsfees

Die Park Redenaarsfees het puik verloop en almal het dit baie geniet. Ons leerders het baie goed gevaar. Die volgende leerders het spesiale toekennings ontvang:

- Gr 7: Jana Kruger – Beste taalgebruik
- Gr 6: Ingrid Keyser – Beste aanbieding
Inge Suhr – Lekkerste geluister
- Gr 1-3: Liya Smit – Beste aanbieding
Lené Venter – Beste taalgebruik

100% Parkies

Baie geluk aan almal wat deelgeneem het.

4. Gholfdag

Die jaarlikse gholfdag vind op Vrydag, 13 November plaas. Indien enige persoon of instansie belang sou stel om betrokke te raak as speler, borg of donateur en die dag te ondersteun kan u die betrokke organiseerders, Ewoud en Charlene Lotz kontak. Sien die advertensie onderaan.

5. Begrotingsvergadering

Neem asb. kennis van 'n uiters belangrike vergadering waartydens die begroting vir 2027 bespreek en goedgekeur moet word. Die vergadering vind op Maandag, 21 September 2026 om 14:00 – 14:30 in die skoolsaal plaas en vereis 'n kworum. Dit is dus baie belangrik dat ouers dit sal bywoon. Die kennisgewing en opsomming van die begroting is reeds via D6 uitgestuur.

6. Vakatures beskikbaar vir 2027

Ons skool adverteer tans die volgende vakatures vir vulling aan die begin van Januarie 2027:

- Grondslagfase onderwyser
- Gr. RR onderwyser
- Onderwysassistent: Grondslagfase x2
- Onderwysassistent: Intermediêre fase

Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag, 18 September. Sien die advertensies op die skool se sosiale media platforms vir meer besonderhede.

7. Damesoggend

Alle dames word uitgenooi om hierdie spesiale geleentheid by te woon. Dit vind op Saterdag, 31 Oktober te Salt & Copper plaas met gassprekers, Hanna en Dirk van der Westhuizen, verlede jaar se weners van Kokkedoor Son en See. Dit belooft om 'n heerlike geleentheid te wees. Sien die advertensie onderaan.

8. Buite aktiwiteite

Karate: Anzaan Steyn het tydens die KSI-nasionale kampioenskappe twee bronsmedaljes verower vir Kunita en Kata. Sy kwalifiseer om in Johannesburg aan verdere kampioenskappe deel te neem waaruit die Suid-Afrikaanse span gekies gaan word vir deelname aan die Wêreldkampioenskappe. Baie geluk!

Fietsry: Baie geluk aan Noah Lourens wat 'n eerste plek in sy ouderdomsgroep tydens die Build-It 10km-wedren behaal het.

9. Skoolfonds vir 2026

Maak asb. seker dat alle skoolfonds betaal is. Skoolfonds vir 2026 is as volg:

- Graad 1 – 7: R14 400 per jaar
- Graad R: R14 800 per jaar
- Graad RR: R16 000 per jaar
- Graad RRR: R19 500 per jaar



10. 2027 Skoolkalender

Sien die skoolkalender met datums vir volgende jaar onderaan.

ADVERTEER IN DIE SKIPPERTJIE



Besighede het nou die wonderlike geleentheid om in ons weeklikse nuusbrieff te adverteer. Hierdie nuusbrieff word elke Vrydagoggend via die d6-kommunikasiesistelsel aan al Laerskool Park se ouers gestuur.

- ✦ Koste: R100 per advertensie per week
- ✦ Formaat: JPEG (A4-grootte of kleiner)

Neem gerus 'n kykie op ons webblad vir vorige uitgawes van Die Skippertjie en sien hoe jou advertensie kan lyk!

Kontak Juf. Karen vir verdere inligting rakende plasing van advertensies en betaling.



WhatsApp
072 463 4985



E-pos
kbezuidenhout@lspark.co.za



BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park

Bank: Standard Bank

Rekeningnommer: 060822643

Tipe rekening: Business Current Account

Takkode: 051001 (George)

Verwysing: Familiekode

2027 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

S	M	T	W	T	F	S
				1	2	
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28						

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	31			

S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	

S	M	T	W	T	F	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

S	M	T	W	T	F	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30			

S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

S	M	T	W	T	F	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30	31				

S	M	T	W	T	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30		

S	M	T	W	T	F	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30				

S	M	T	W	T	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	

Public and School Holidays 2027	
01 January	New Year's Day
21 March	Human Rights Day
22 March	Public holiday
26 March	Good Friday
29 March	Family Day
26 April	Special School Holiday
27 April	Freedom Day
01 May	Workers' Day
16 June	Youth Day
09 August	National Women's Day
24 September	Heritage Day
16 December	Day of Reconciliation
25 December	Christmas Day
26 December	Day of Goodwill
27 December	Public holiday

	Weekends
	Days for administration

	School days
	Public holidays

	Special school holidays
	School holidays

SUMMARY OF 2027 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

Term	Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
1	(11)13 January – 19 March	10	48(50)	0	48(50)
2	06 April – 25 June	12	59	2+1	56
3	20 July – 22 September	10	47	1	46
4	05 October – 08(10) December	10	47(49)	0	47(49)
Total		42	201(205)	3+1	197(201)



HP
1855

Hermanuspietersfontein

Damesoggend



DATUM:
31 OKTOBER 2026



PLEK:
SALT AND COPPER



TYD:
10H - 13H



PRYS:
R390



DRAG:
SEMI-FORMEEL



Hanna en Dirk 

VAN DER WESTHUIZEN, MA EN SEUN,

**KOKKEDOOR SON EN SEE
WENNERS 2026**

R390





Laerskool PARK GHOLFDAG

**13 NOVEMBER
2026**

Mosselbaai gholflub
R4000 PER 4 BAL

Sluit in: Gholf, Karretjie, Geskenk, Halfweg Ete, Prysuitdeling & Veiling

BETTER BALL - SCRAMBLE DRIVE
SHOTGUN START 11:30

EWOUTD - 072 270 2927
CHARLENE - 071 457 3220



Die Skipper

Laerskool Park se jaarblad



vier sy

40

ste

Verjaarsdag!

Moenie hierdie
spesiale uitgawe
misloop nie! ❤️



R130
= ELK =



Bestel teen
10 Oktober
op d6.



NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

Jou kind & MIOPIE

HOE LYK MIOPIE?

-1.00



-3.00



-6.00



MIOPIE-BEHEER IS HOE JY
VOORKOM DAT 'N **KLEIN**
PROBLEEM 'N **GROOT** EEN WORD.

Skakel ons vir meer inligting
oor die **lenstegnologie**
wat **JOU kind kan help**



044 695 1688



066 562 6754



19 Ryk Tulbach str,
Da Nova



HEIDERAND

EST • '97

Hardware & Elektries

**VIR AL JOU
HARDEWARE
BENODIGHEDE**

**KWALITEIT PRODUKTE
VIR ELKE PROJEK**

**VAN KLEIN TAKIES
TOT GROOT PROJEKTE**



28 Melkhoutstraat,
Heiderand.



078 952 4439



heiderand.hardware@gmail.com



Volg ons op Facebook
Heiderand Hardware & Elektries



**VRIENDELIKE DIENS.
BESTE PRYS EN KWALITEIT**

DANKIE VIR JOU ONDERSTEUNING!



**VOLKSWAGEN
MOSSELBAAI**

RY 'N VOLKSWAGEN.
Belé in 'n toekoms.

KOOP 'N NUWE VOLKSWAGEN. ONS BETAAL 'N

PARK LAERSKOO LEERDER SE SKOOLFONDS.

*Ondersteun 'n Parkie.
Bou 'n helderder môre.*

Vir elke nuwe Volkswagen Polo Vivo, Polo, T-Cross, Taigo of Golf 8.5 wat by Volkswagen Mosselbaai gekoop word tussen nou en **31 DESEMBER 2026**, sal Volkswagen Mosselbaai die skoolfonds betaal van 'n genomineerde leerder wat tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf is vir die volgende skooljaar.*

Of dit nou jou eie kind, kleinkind, familielid of 'n ander Parkie-leerder is wat jy wil ondersteun, jou nuwe Volkswagen aankoop kan 'n werklike verskil maak.



**PARK
LAERSKOO
MOSSELBAAI**

*Leer vandag.
Lei môre.*



MODELLE WAT IN AANMERKING KOM



POLO VIVO



POLO



T-CROSS



TAIGO



GOLF 8.5

HOE DIT WERK

- 1 Koop 'n kwalifiserende nuwe Volkswagen by Volkswagen Mosselbaai voor 31 Desember 2026.
- 2 Gebruik jou amptelike Parkie Skoolfonds Kode.
- 3 Nomineer 'n leerder wat tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf is.
- 4 Dien die vereiste leerder- en skoolinligting in.
- 5 Volkswagen Mosselbaai betaal die genomineerde leerder se skoolfonds direk aan Park Laerskool in Januarie 2027.
- 6 Ons help bou aan 'n beter toekoms vir ons Parkie-leerders.

VEREISTE INLIGTING

- Leerder se volle naam
- Huidige graad
- Graad vir 2027
- Skool se naam (Park Laerskool Mosselbaai)
- Ouers/voog se toestemming
- Leerder se gesinskode
- Skool se betalingsbesonderhede

BELANGRIKE DATUMS

- PROMOSIEPERIODE**
Nou – 31 Desember 2026
- SKOOLFONDS WORD BETAAL AAN PARK LAERSKOO MOSSELBAAI**
Januarie 2027

PARKIE GESINSKODE

Elke kwalifiserende transaksie het 'n unieke kode.

Koop vandag. bou môre!



**BESOEK VOLKSWAGEN
MOSSELBAAI VANDAG**
en vra na die
PARKIE SKOOLFONDS AANBIEDING.



**ONDERSTEUN 'N PARKIE.
BOU 'N HELDERDER
TOEKOMS.**

*Slegs by
Volkswagen Mosselbaai.*

*TERME EN VOORWAARDES VAN TOEPASSING.
Slegs van toepassing op kwalifiserende nuwe Volkswagen Polo Vivo, Polo, T-Cross, Taigo en Golf 8.5 voertuie wat by Volkswagen Mosselbaai gekoop word. Die genomineerde leerder moet tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf wees. Die leerder moet goedgekeur word voor voertuiglewering. Die aanbidding sal direk aan die skool betaal word in Januarie 2027. Aanbod nie oordraagbaar of kontantuitbetaalbaar nie. Volkswagen Mosselbaai behou die reg voor om alle leerder- en skoolinligting te verifieer, aanbod onderhevig aan besluit en goedkeuring.



LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM

VANAF JANUARIE 2026

R 900 per maand
13:00 - 17:30

REGISTREER NOU



Navrae: 044 691 1020



Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar

